SOUTHERN AFRICAN POULTRY ASSOCIATION
SUIDER-AFRIKAANSE PLUIMVEEVERENIGING
Founded 1904 / Gestig 1904

VERSLAG VAN DIE KUIKENPRODUSENTE ORGANISASIE VOORSITTERSVERSLAG 2010

VOORGELÊ DEUR MARIUS GERICKE

BY DIE 105DE SAPV KONGRES
GEHOU OP DINSDAG, 31 MEI 2011
TE EMPERORS PALACE, GAUTENG



VERWELKOMING

Ek verwelkom u by die Algemene Jaarvergadering van die Kuikenprodusente-organisasie (KPO) en lê graag aan u as lede 'n oorsig van die KPO se aktiwiteite die afgelope jaar voor.

LIDMAATSKAP

Huidige lidmaatskap van die KPO staan op 32 lede met bykomende kategorieë wat geskep is om die vrugbare- eierhandelaars en dagoudkuiken-verspreiders te fasiliteer. Ek nooi soos in vorige jare dus die bedryf uit om lede van die KPO te word, om te verseker dat u belange aandag geniet deur die SAPV as bedryfsliggaam wat die pluimveebedryf verteenwoordig.

KOMITEE

Die komitee bestaan uit die volgende lede:

Marius Gericke (voorsitter)
Pieter Oosthuysen (ondervoorsitter)
Robbie Kruger (uitvoerende lid)
Arend Kuipers
Jim Gray
Koos Pretorius
Jan Serfontein Jr (gekoöpteer)
Keith Millard (gekoöpteer)
Tommy Snyman (gekoöpteer)
Sevias Chigombe (gekoöpteer)

OORSIG VAN DIE BEDRYF

Stand van die bedryf

Die bedryf het in 2010 'n afwaartse beweging in grondstofpryse beleef, wat daartoe gelei het dat voerkoste afgeneem het van 'n hoogtepunt van 'n styging van 32% van 2007 tot 2008 na 'n daling van 5% van 2008 tot 2009, en 'n daling van 10% van 2009 tot 2010 in die braaikuikenvoerprys en van 11% in die lêhenvoerprys. Die bedryf kon egter nie ten volle voordeel trek uit hierdie afname in insetkoste nie weens die trae herstel van die verbruikersbestedingsvermoë oor dieselfde tydperk. Die bestedingspatroon van verbruikers het ook verander, en korter vakansies is geneem, wat die bestedingsbedrag gedurende die feesseisoen beïnvloed het.

Die rand het hom in die finansiële wêreld gehandhaaf en teen tussen R6,63 en R7,75 teenoor die dollar verhandel. Dit het gevolg op 'n swak rand in 2009 teen R9,30. Die sterk rand het die invoer van pluimvee ook aantreklik gemaak, wat die plaaslike mark verder onder druk geplaas het.

Goedkoopste bron van proteïen

Pluimveevleis en -eiers bly die goedkoopste bron van proteïen vir die meeste Suid-Afrikaners. Grafiek 1 toon die relatiewe prys per proteïenbron.



Grafiek 1: Prysvergelyking tussen proteïenbronne

Bedryfsomset gegrond op kuikenverskaffing

Toename in omset vir kuikenverskaffing aan die eier- en braaikuikenbedryf word in Grafieke 2 en 3 getoon. Die eierbedryfsomset het van R109 miljoen in 2006 tot R145 miljoen in 2010 toegeneem. Kuikenverskaffing aan die braaikuikenbedryf het oor dieselfde tydperk van ’n omset van R1,975 miljard tot R3,355 miljard gestyg.





Grafiek 2. Kuikenomset – eierbedryf
Grafiek 3. Kuikenomset – braaikuikenbedryf

Per kapita-verbruik

- Per kapita-verbruik van eiers het van 124 eiers per jaar in 2006 na 132 eiers per jaar in 2010 gestyg. Eierverbruik het 'n jaarlikse toename getoon van 130 eiers per persoon per jaar in 2009 tot 132 eiers per persoon per jaar in 2010.
- Braaikuikenvleisverbruik het van 30,72 kg in 2006 na 32,96 kg in 2010 gestyg.
- Die ekonomiese probleme het vir eier- én braaikuikenvleisverbruik minder besteebare inkomste vir aankoop van hierdie produkte beteken.

Grafiek 4 toon die per kapita-verbruik van die onderskeie vleisproteïenbronne beskikbaar in Suid-Afrika. Dit dui duidelik op 'n voorkeur vir pluimveeprodukte bo dié wat van ander bronne afkomstig is.



Grafiek 4*:* Per kapita-vleisverbruik

Kuikenplasingsyfers

Braaikuikens

Grafiek 5 illustreer die toename in plasingsyfers vir braaikuikentelers van 2000 tot 2010.



Grafiek 5: Gemiddelde jaarlikse plasing van braaikuikentelers

Die uitwerking van die groei in die ekonomie gedurende dié tydperk blyk duidelik uit die toename in plasingsyfers vir braaikuikentelers. In die bedryfsoorsig wat in 2008 aan Kongres voorgelê is, is veronderstel dat rentekoerse en die verhaling van insetkoste deur produsente 'n uitwerking op voortgesette groei sou hê. Die wêreldwye ekonomiese fiasko het nog ’n dimensie gevoeg tot die verbruik van pluimvee en pluimveeprodukte. Hierdie styging in plasing van braaikuikentelers het nie heeltemal gerealiseer in braaikuikenplasing nie, en mens kan net aanneem dat troppe in ’n vroeër stadium uitgeslag is.

Grafieke 6 en 7 toon die sywaartse neiging in die potensiële braaikuikenplasings gedurende 2010. Die grafieke is afgelei uit teelouerplasings, wat nie die volle uitwerking van vroeëre vermindering in teeltroppe in ag neem nie.



Grafiek 6: Potensiële weeklikse braaikuikenplasings



Grafiek 7: Potensiële jaarlikse braaikuikenplasings

Lêhentelers

Die impak wat die wêreldwye ekonomiese afswaai op die braaikuikenbedryf gehad het soos hierbo in Grafiek 6 aangetoon, wys 'n soortgelyke neiging in impak op kommersiële eier-produsente soos in Grafieke 8 en 9 aangetoon.



Grafiek 8: Gemiddelde nasionale lêtrop



Grafiek 9: Gemiddelde kiste eiers weekliks geproduseer vanaf 2004 tot 2010 en 'n gedeelte van 2011

Insetkoste

Lêhenvoerpryse het vergeleke met 2009 met 11% in 2010 gedaal tot R2 102,77 per ton ná ŉ daling in 2009, wat gevolg het op die opwaartse momentum op die rug van stygende mielie- en proteïenpryse in 2008. Die voerprys het nie na die vlakke voor 2008 gedaal nie.



Grafiek 10: Lêhenvoerprys van 2007 tot 2010

Ná die voortgesette styging in voerkoste, met produsente wat gedurende 2008 'n styging in voerinsetkoste van tussen 26% en 48% beleef het, was daar in 2009 'n daling van 5% in braaikuikenvoerprys, asook 'n verdere daling van 10%, hoewel nie tot op die vlakke voor die styging in 2008 nie. Die gemiddelde braaikuikenvoerprys in 2010 was R3 000,73 per ton.



Grafiek 11: Braaikuikenvoerprys van 2007 tot 2010

Winsmarges krimp namate voerkoste met verloop van tyd aanhou styg. Die gemiddelde aangemelde prys van braaikuikenvoer vir 2008 was R3 502.65 per ton, 'n styging van 32% vergeleke met die gemiddelde voerpys in 2007.

Die gemiddelde braaikuikenvoerprys vir 2009 was R3 326,27 per ton, 'n afname van 5% vergeleke met 2008.

Werkverskaffingsektor

Die jongste ramings dui aan dat kuikenprodusente tot 7 000 mense landwyd in diens het, wat die kuikenbedryf 'n belangrike landelike werkgewer maak.

Plaaslike handelsomstandighede

Invoer van braaikuikenprodukte het in 2010 met 15% gestyg teenoor die vorige jaar, aangesien internasionale pluimveepryse en wisselkoerse die invoer van pluimveeprodukte aantreklik gemaak het.



Grafiek 12: Kleinhandel- en produsentpryse vir bevrore heel hoender

Grafiek 12 toon dat die toenemende gaping tussen die produsenteprys en die kleinhandelsprys van hoender 'n bron van kommer is, aangesien produsente sukkel om insetkoste te verhaal en kleinhandelskettings druk op produsente uitoefen om pryse te sny.

Gesondheidsake

- **Aanmeldbare voëlgriep (AAI)**

Die SAPV in samewerking met die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) neem deel aan die nasionale toesigmonitering-AAI-opnames en ons kan ook berig dat ons negatief vir die H5N1-stam getoets het. Hierdie opname het die meerderheid produsente gedek.

Dié opnames word sesmaandeliks volgens 'n voorgeskrewe protokol gedoen en die SAPV moedig alle produsente aan om daaraan deel te neem.

Die mees onlangse verslag het altesaam 859 plase ingesluit:

- 256 lêhenplase, insluitend lêhenbroeiers en lêhengrootmaakplase
- 603 braaikuikenplase, insluitend braaikuikenbroeiers.

Dit beloop 27 minder lêplase en 47 meer braaikuikenplase, 'n getal van altesaam 20 meer plase as waaroor voorheen gerapporteer is.

Die opname het 95% van pluimveeplase in Suid-Afrika ingesluit. Dit is 'n groot prestasie aangesien ons nou in 'n baie beter posisie is om enige siekteuitbraak, nie net van AAI nie, maar ook van enige siekte te hanteer deurdat 'n baie beter kaart van plaaslike produksiestandplase beskikbaar is. Aangesien siekterisiko aan besmette standplase gekoppel is, fokus die toesigspan nou op kleiner produsente. Neem asseblief deel aan hierdie program tot voordeel van ons almal.

- **Newcastle-siekte**

Die Tegniese Komitee het inligting aan die DLBV verskaf, wat die Newcastle-protokol hersien het wat betref die uitbraak van Newcastle-siekte, en hierdie dokument is op die SAPV-webwerf beskikbaar.

- **Protokol vir Salmonella-vermindering**

Die SAPV se Tegniese Komitee wag steeds op terugvoer van die staat oor die finalisering van hierdie protokol.

KPO-DOELWITTE

Ek het weer eens in vanjaar se verslag die doelwitte van die KPO ingesluit en wil produsente die geleentheid gee om die KPO daaraan te meet en terugvoer te gee oor die mate waartoe die KPO die doelwitte bereik. Adviseer ons ook indien daar doelwitte is wat van sleutelbelang behoort te wees en wat nie gelys is nie.

Die Kuikenprodusente-organisasie, as onafhanklike filiaal van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging, hou 'n nasionale organisasie in die Republiek van Suid-Afrika in stand vir die bevordering en ontwikkeling van die pluimveebedryf se pluimveeteel- en kuikenproduksieafdeling. Die organisasie se doel is om die algemene welstand van diegene betrokke by hierdie afdeling van die pluimveebedryf te koester, te bevorder en te verbeter deur 'n voertuig te verskaf waardeur groepaksie oor gemeenskaplike sake onderneem kan word.

Om alle sake wat verband hou met die verbetering van die pluimveeteel- en kuikenproduserende bedryf in Suid-Afrika te bevorder en te verbeter deur:

- winsgewende pluimveeteling te verseker en 'n genoegsame voorraad pluimveeprodukte aan die verbruikerspubliek te verskaf;
- die teel van pluimvee en kommersiële kuikenproduksie te bevorder;
- produksie van hoëgehaltekuikens, geteel uit ouers wat uitgesoek is vir soort, stamina en gesondheidseienskappe en vir hoë eierproduksie- en/of vleiseienskappe, aan te moedig en te ondersteun;
- beskerming van die pluimveeteel- en kuikenproduserende bedryf teen nadelige wetgewing en enige ander aggressie, deur die inisiëring en bevordering van en steun in

die daarstelling van wetgewing en regulasies wat tot voordeel van die pluimveeteel- en verwante bedrywe strek;
- aanmoediging van pluimvee-opleiding;
- enige saak te hanteer wat in die belang van die pluimveeteel- en kuikenproduksiebedryf, die organisasie en sy lede is;
- individuele data aan die SAPV-kantoor te verskaf om 'n geskikte statistiekstelsel te vestig waardeur die bereiking van die SAPV se doelwitte bevorder word.

AFSLUITING

Ek wil alle komiteelede bedank vir hulle bydraes tot die KPO gedurende die afgelope jaar. My opregte dank aan alle SAPV-personeellede vir julle toewyding en steun aan die KPO. Aan al ons lede, sonder wie daar nie so 'n wonderlike bedryf sou wees om in te werk nie – sluit by ons aan in **'n Nuwe Tydperk**.